

Gehoor by die Woordfees

Groenligresensies

– wat sê die kenners?

DR FRANCOIS VERSTER

Korrespondent

Dis Dinsdagmiddag, skuins voor een; Stellenbosch bak diklikkewaanlekker in die Maartsonnetjie, maar die strate is bedrywig – die Woordfees vloei oudergewoonte sterk en dis in die middestroom, in die middedorp, by De Vette Mossel, waar ek instap. Agter die Universiteitsmuseum (die ou Bloemhof-meisieskool), gee groot sandkleurige tentdakke lafenis teen die son, maar die vure onder die potte stook die hitte van etlike kante af.

Ek skuif langs Helena le Roux (wat ek van Welgemeend en die Boerneefvereniging ken) in ('n mens soek maar altyd bekendes op te midde van die ruie menigtes), en ons sien Kerneels Breytenbach, Marius Crous en Elmarie Rautenbach neem plaas saam met die gespreksleier, Melt Myburgh – almal betrokke by skryf, oplei om te skryf en resensies. Breytenbach, gerekende oud-uitgewer, is deesdae dalk meer bekend as skrywer. Altans by die publiek, maar in die boekewêreld is hy alombekend en –bemind weens sy ensiklopediese kennis oor die bedryf en aangename, toeganklike geaardheid. Daarom is dié oud-joernalis ook 'n leierfiguur onder boekemense; die dryfkrag agter die nuwe Afrikaanse Skrywersunie wat juis môre sy stigtingsvergadering hou, net oorkant die straat in Erfurthuis.

Myburgh val weg, gemaklik soos altyd, en sommer met 'n *big bang* (nie 'n *lady cracker* omdat hy met 'n dame praat nie): 'Hoe hanteer jy dit dat jy nou Media24 se (enigste) nasionale boekeredakteur is?' By implikasie dus: met al die dreigemente van stakings en boikotte deur groot name in die Afrikaanse skrywersgeleedere, hoeveel stres jy? Rautenbach antwoord dat sy simpatie het met skrywers en dat sy doen wat sy kan om steeds die meeste blootstelling aan boeke te gee.

Ek wonder hoekom niemand vra waarom daar nou soveel minder forums is nie, maar dis seker voor die hand liggend: bespaaëring. Iemand laat val wel uit die gehoor, 'maar Media24 maak mos baie geld . . .?', maar die gesprek gaan voort: 'Ek het stappe geneem om op hoogte te bly met nuwe boeke en maniere om hulle te bemark' (soos die Internet, naamlik News24), en sy hou kontak met publiseitsagentskappe; sy pes hulle gedurig oor nuwe boeke. Ook vra sy altyd twee resensies vir elke boek, waarvan een op die Net kom en een in die gedrukte media, of soms albei in die betrokke koerant langs mekaar.

Kerneels Breytenbach sê hy (as skrywer) sal graag wil sien dat sy boeke 'n gelyke kans gebied word, veral as 'n gunstiger resensie meer blootstelling kan kry, want as een resensent dalk baie positief reageer en die resensie word iewers in die kuberruim versteek sal hy gebelg voel. Alle skrywers (digters inklusief) wil graag terugvoering hê, so hoe meer, hoe beter. Verder tref hy onderskeid tussen resensente: as iemand met meer aansien iets skryf, neem hy dit meer ter harte – en waarskynlik uitgewers en lesers ook. Hy voeg by dat klein dingetjies groot vetes veroorsaak in die literêre wêreld, waarvan daar talle voorbeelde is. Resensente met agendas is veral gevaarlik – skrywers het dit al ontgeld omdat die resensent, byvoorbeeld, vir die betrokke uitgewer kwaad was.

Ek knik meewarig – het self al so deurgeloopt en later gehoor die resensent het 'n groter boek met groter illustrasies verwag! Die probleem is dat die literêre wêreld baie klein is – selfs in lande soos die VSA is die kans goed dat daar wedersydse rugkrappery is en dit vinnig in rugstekery kan verander. Ek knik weer: dieselfde ou wat my boek om obskure redes afgeskiet het, se boek beland toe op my tafel. Ek het dit as 'n integriteitstoets beskou. Ek hoop hy het kennis geneem . . . maar so is geheues mos kort – behalwe as die resensent negatief was!

Die naam Crito word kort-kort genoem – sy/hy is die onbekende, meesal onbemind 'hoofskeidsregter' van resensente (Crous sê hy's nogal lugtig vir dié Crito) en selfs ek word gevra of ek Crito is, nogal deur mense wat vir Litnet werk – ek wat al self 'n steelhou of drie van dié Gemaskerde Sopbeen ontvang het. Nogal nie! Breytenbach sê hy hou van die idee dat iemand ook die resensente in toom hou, maar dat Crito ook al afgesaag begin klink en boonop het hy wel 'n probleem met die anonimiteit-ding. Sela. Tog het Crito myns insiens wel 'n punt beet: dat resensente meer onderhoudend kan skryf – niks verhoed hulle om resensies pittig en interessant aan te bied nie. Opvoeding mét vermaak is mos beter – so lok jy lesers om meer resensies te lees: 'Jy het laas lekker geskryf, so ek lees nog een van jou boek se resensies.' Ditsim, dissiestorie, gee gas!

Volgens Breytenbach behoort skrywers ook dankbaar wees vir negatiewe resensies, want hoe anders gaan hulle iets oor hulle werk leer – swak positiewe resensies is eintlik nutteloos in dié opsig. Melt Myburgh stem saam en noem ook dat borgskappe al omtrent is oor swak resensies. Dit herinner my aan die gerugte dat



◀ Van links na regs is Melt Myburgh, Marius Crous, Elmarie Rautenbach en Kerneels Breytenbach in die tent van De Vette Mossel

▶ Kerneels Breytenbach



sekere uitgewers vooraf besluit watter resensente lofsange sal sing en dan spesifiek boeke na hulle stuur om hierdie doel – en wee hulle as hulle nie aan die verwagtinge voldoen nie. Hierdie soort druk op resensente is ongewens, al is daar altyd die ou vraag of mense regtig deur resensies beïnvloed word – is *word of mouth* dan nie steeds die beste verkoopshulp nie? Die man langs my sê nee, hy het al dikwels boeke gekoop op aanbeveling van resensente, maar steeds is daar 'n mate van eie oordeel aanwesig. Die gevaar is natuurlik dat 'n resensie positief is, maar die boek nie regtig so goed is nie. Mens verwag dat lesers mekaar dan in elke geval daarvoor sal inlig, soos met fliëks ook gebeur. Vreemd genoeg, ek word self nooit deur fliëksresensies gelei nie, maar wel deur boekresensies. Sjoë, hoe moet uitgewers ook ooit iets van 'n mark leer as daar soveel veranderlikes is: elke diertjie sy plesiertjie!

En ja, sê Rautenbach, daar is markte vir boeke en markte vir, byvoorbeeld, koerante – mens skryf anders vir Jan en San wat 'n resensie in *Rapport* lees as Griet en Piet wat dit op Litnet lees. Dadelik wonder ek toe hoekom Crito dan van my wou weet of ek (oor Dan Sleight se *Afstande*) 'vir 'n sekere mark geskryf het?' Natuurlik, hoe kan hy/sy dit nie weet nie? Koerante het boekeredakteurs en hulle het spesifieke riglyne waarby resensente moet hou.

Myburgh vra toe aan Crous: 'Behoort skrywers te reageer op resensies?' 'Jy kan, maar as jy dit doen, moet jy bereid wees om verdere kritiek te verduur', is die antwoord. Rautenbach borduur egter voort op die teikenmark-kwessie: Litnet se oneindige kuberruimte is goed – langer besprekings, wat ook deur studente gevolg kan word, is die voordeel. Is waar ja, ek hou ook van hierdie voorreg, hoewel 'n mens besef dat jy die gevaar loop om nie ekonomies met woorde om te gaan nie – eintlik 'n doodsonde vir skrywers, joernaliste – én resensente.

Rautenbach verwag toeganklikheid by resensente – sy reken André Brink het die gawe om met gravitas én helderheid te skryf. Resensente, benadruk Rautenbach, moet goeie taalgebruik handhaaf, sonder *dumbing down* ter wille van 'eenvoudiger' skryf vir middel-

moot-markte. Breytenbach dink sekere skrywers, soos Elsa Joubert, is só goed dat almal haar ken uit haar werk, en resensies kan dus min verander in lesers se siening daarvan. Hy voel ook resensente moet iets uniek opmerk in boeke, iets wat ander nie gesien en genoem het nie.

Crous sê dan dat een gevolg van 'n negatiewe resensie, waaraan mense dalk nie dink nie, is dat wanneer die gekritiseerde skrywer daarna 'n manuskrip inlewer; hy 'n respons soos 'jou vorige werk was nie gunstig ontvang nie' by die uitgewers kry. Inderdaad het resensente tóg baie mag, al is dit indirek. Om dié invloed teen te werk, moedig Breytenbach mense aan om aan Litnet te skryf en, byvoorbeeld, te sê 'Hierdie resensent was bevooroordeel; hy het dit of dat misgekyk of geignoreer. Kan ek 'n resensie skryf oor dieselfde boek, om dinge in balans te kry?'

Myburgh verklaar daarmee dat dit etenstyd is – die geure agter ons is nogal oorweldigend – maar hy wil afsluit met die vraag: 'Wie is goeie resensente?' Breytenbach noem 'n paar: 'Thys Human, Willie Burger, Andries Visagie'... En Marius Crous voeg by: 'Louise Viljoen, altyd eerlik en noukeurig.' Rautenbach voel ook Fanie Naudé is 'baie deeglik.'

En net voordat ons die brood, soetpatat, snoek en mossels gaan bydam, sê Elmarie vir oulaas: '... en ons moet onthou; resensies moet ook 'n element van pret behou – ons moenie alewig onself so ernstig opneem nie!' En toe kry ons nóg waarde vir ons R80.

Die gesprek oor resensies het daarna aan tafel voortgegaan, en dit sal nog baie lank voortgaan. Hopelik, want as dit 'n uitgediende aksie raak, sal niemand meer bodder daarvoor nie. 'n Mens kan verwag dat, solank daar boeke is, in papier én elektroniese formaat, sal daar menings daarvoor wees; of jy dit resensies of besprekings of sommer plein 'n gekritikastreerder wil noem, dit sal voortgaan. Want boeke is deur mense vir mense, oor mense, bo-oor en dwarsdeur mense... menings word noodwendig deur meningsvormers gelewer: die resensent is nodig; lank mag die Skoppensboer lewe in die hof van Koning Boek!